# EERSTE HOOFSTUK.

## DIE WOORDSOORTE OF REDEDELE.

---

§ **5.** Daar is in die Afrikaanse taal ag woordsoorte of rededele [1]):

*Selfstandige Naamwoorde,*
*Werkwoorde,*
*Voornaamwoorde,*
*Byvoeglike Woorde,*
*Bywoorde,*
*Voorsetsels,*
*Voegwoorde,*
*Tussenwerpsels.*

### I. SELFSTANDIGE NAAMWOORDE.

§ **6.** 'n Selfstandigheid is iets wat op homself bestaan, b.v. 'n mens, 'n klip, 'n boek, suiker, ens. 'n Mens sou dink dat 'n Selfstandige Naamwoord dan die naam van so'n selfstandigheid moet wees. Maar van iets wat nie eintlik 'n selfstandigheid is nie, praat ons partykeer tog asof dit op homself bestaan. *Liefde* is b.v. iets wat 'n mens in sy hart kan voel, maar wat tog buiten 'n persoon nie kan bestaan nie; *lengte* kan ons opmerk as ons 'n ding sien wat lank is, maar ons kan nie die lengte van die ding afhaal en apart sit nie. Dit verhinder ons egter nie om van *liefde* en *lengte* te praat sonder om aan 'n persoon te dink wat die liefde in sy hart voel, of aan 'n ding wat die lengte het nie; en hierdie woorde *liefde* en *lengte* noem ons net so goed selfstandige naamwoorde as die woorde *mens*, *klip* en *suiker*. Daarom sal ons só sê:

---

[1]) Dieselfde kan gesê word van Nederlands, Engels, Frans, Duits, ens. Dat party skrywers *tien* soorte onderskei is eenvoudig 'n kwessie van indeling.

**'n Selfstandige Naamwoord is die naam van 'n werklike of denkbeeldige selfstandigheid.**

Die eerste soort word *konkrete* (= werklike) selfst. nw. genoem; die ander soort *abstrakte* (= afgetrokke) snw. Want as ons van liefde of lengte praat, haal ons in ons gedagte die liefde uit die persoon se hart uit, en sit dit apart; en die lengte haal ons van die ding af en maak asof dit alleen staan. Ons neem hierdie dinge in gedagte dus weg van die konkrete dinge waarmee hulle saamgaan.

§ **7.** Die **konkrete** snw. noem die naam van 'n persoon, b.v. *man*, *seun*, *Hendrik*; of van 'n voorwerp, b.v. *tafel*, *pen*; of van 'n hele versameling enerse dinge, b.v. *swerm*, *leër*, *bos*; of van stowwe, b.v. *sand*, *wol*, *meel*. Daarom onderskei ons:

*persoonsname*,
*voorwerpsname* (hieronder reken ons ook name van diere),
*versamelname*,
*stofname*.

§ **8.** Elkeen van hierdie soorte kan weer 'n persoon of ding op twee maniere aandui: ons kan 'n naam sê wat toepaslik is op 'n hele klas selfstandighede, b.v. *man*, *huis*; en dan noem ons dit 'n *gemene* (d.i. 'n algemene) snw.; maar dit kan ook 'n naam wees wat maar vir een enkele persoon of ding geld. Want elke mens, en ook baie dinge, het twee name: 'n algemene en 'n besonder naam; b.v. 'n seun het vereers hierdie algemene naam *seun*; maar dan het elke seun ook nog 'n naam wat syne alleen is, soos *Jan*, of *Piet*, of *Klaas*. So 'n besonder naam noem ons 'n *eienaam*.

VOORBEELDE:

| | |
|---|---|
| *Gemene* persoonsn.: | *meisie*, *generaal*; |
| *Eie* ,, : | *Bettie*, *Van Deventer*; |
| *Gemene* voorwerpsn.: | *plaas*, *skip*; |
| *Eie* ,, : | *Leeukuil*, *Lusitania*; |
| *Gemene* versameln.: | *vloot*, *gebergte*; |
| *Eie* ,, : | *Armada*, *Lebombo*; |
| *Gemene* stofn.: | *wyn*, *seep*; |
| *Eie* ,, : | *Pontac*, *Sunlightseep*. |

§ 9. Die **abstrakte** of afgetrokke snw. noem 'n *hoedanigheid*, 'n *werking* of 'n *toestand*. 'n Hoedanigheid van 'n berg is dat dit *hoog* is; die snw. *hoogte* noem hierdie hoedanigheid. *Trek* is 'n werking; as ons praat van die groot *trek*, dan noem hierdie snw. daardie werking. *Armoede, rykdom, verleentheid* is toestande waarin iemand kan verkeer.

§ 10. Dit kan gebeur dat 'n woord die een keer as 'n abstrakte, en die ander keer as 'n konkrete snw. gebruik word. As ek b.v. praat van die *hoogte van 'n bult*, is *hoogte* 'n abstrakte snw.; maar as ek sê: die huis staan *op 'n hoogte*, dan is *hoogte* 'n konkrete snw., want nou bedoel dit die bult self. Ons moet dus goed oplet wat met 'n woord bedoel word.

## II. Werkwoorde.

§ 11. 'n Mens sou dink dat 'n werkwoord 'n werk moet noem; maar dikwels doen 'n werkwoord dit tog nie. So is b.v. *slaap* nie eintlik 'n werk nie, net so min as *rus, bestaan, sterwe*, ens. En tog reken ons sulke woorde ook by die werkwoorde, want in ons gedagte stel ons die begrip wat hulle noem, as 'n werking voor; ons sou kon sê dis denkbeeldige werkinge.

Maar die naam van 'n werking is nog nie altyd 'n werkwoord nie; want ons kan 'n werking voorstel asof dit 'n selfstandigheid is, b.v. as ons praat van 'n groot *geraas*, die *koms* van iemand, 'n *versoek*, 'n *verandering*, ens. In hierdie geval is die woorde geen werkwoorde nie, maar *abstrakte snw*.

Ook kan ons 'n werking voorstel as 'n hoedanigheid. As ons b.v. praat van *kokende* water, dan druk die woord *kokende* 'n hoedanigheid van die water uit. En as ons praat van *gekookte* eiers, dan bedoel ons die woord *gekook* alweer nie as 'n werking nie, maar as 'n hoedanigheid van die eiers. Die woorde *kokende* en *gekookte* noem ons *deelwoorde*; die rede waarom ons hierdie naam daarvoor gebruik, sal later duidelik word.

As 'n woord dus 'n werkwoord moet wees, is dit nood-

saaklik dat dit die werking nie as 'n selfstandigheid of hoedanigheid nie, maar as 'n *werking* voorstel. Daarom sê ons:

**'n Werkwoord stel 'n ware of denkbeeldige werking as 'n werking voor.**

§ **12.** By byna al die werkwoorde is daar 'n persoon wat die werking verrig. Maar by party daarvan is nog iets anders nodig. As ons praat van *slaap*, is dit voldoende om net 'n persoon te noem wat dit doen, b.v.: *Die kind slaap*. Dit is ook die geval met *rus, staan, kom*, ens. Maar as ons praat van *pluk*, dan is daarby, behalwe die persoon wat dit doen, nog iets anders nodig. Dis nie voldoende om te sê: „die kind pluk" nie; want hy kan nie pluk as daar nie iets is om te pluk nie. So kan 'n mens ook nie *slaan, breek, knyp* nie, as daar nie iets is wat geslaan, gebreek, geknyp word nie. So sê ons dat die werk begin by die een wat dit doen, en *oorgaan* na die persoon of ding waaraan die werking verrig word. Hierdie werkwoorde noem ons *oorganklik*, en die ander *onoorganklik*.

§ **13.** Daar is party werkwoorde wat nou oorganklik, en later onoorganklik gebruik word. Neem b.v. die ww. *kook*. As ons sê: *Die meid kook die eiers*, dan is *kook* oorganklik; maar sê ons: *Die water kook*, is dit onoorganklik. *Sluit* is oorganklik as ons sê: *Ek sluit die deur*; maar onoorganklik as ons sê: *Die deur sluit nie goed nie*. Die vraag is, nes by alles op die gebied van taal, wat die spreker met 'n woord uitdruk.

§ **14.** Daar is party ww. waarby die werking nie van die persoon wat dit verrig op 'n ander persoon of saak oorgaan nie, maar op homself; die werk begin by hom, gaan van hom uit, maar *kom na homself terug*; b.v. iemand *skaam hom*; iemand *misgis hom*. Hierdie soort ww. noem ons *wederkerend*.

Die twee ww. in die aangegewe voorbeelde kan nie anders as wederkerend wees nie; iemand kan nie 'n ander skaam of misgis nie. Ons noem hulle *noodsaaklik wederkerend*. Maar daar is ook gewone ww. wat toevalligerwys oorgaan op die persoon wat die werk doen; b.v.

iemand kan *'n ander* was, maar ook *homself*; ons kan *'n ander* prys, maar ook *onsself*. Nou is die ww. ook wederkerend, maar dit is net toevallig. In hierdie geval noem ons dit 'n *toevallig wederkerende* ww.

§ **15.** Daar is 'n klompie ww. waarby ons nie aan 'n persoon dink wat die werk doen nie, maar wat ons net gebruik met die bedoeling om te sê dat die genoemde werking plaasvind. As ons b.v. sê: *Dit reën*, bedoel ons nie dat daar 'n persoon of 'n ding is wat dit doen nie, maar ons wil sê: *Die natuurverskynsel van reën vind op die oomblik plaas*. Ons noem hierdie ww. *onpersoonlik*.

Party ww. het die voorkome van onpersoonlike ww. omdat ons altyd die woordjie *dit* daarby gebruik, b.v. *dit spyt my*, *dit verwonder my*. Maar as ons sê: *Dit verwonder my, dat jy daar niks van weet nie*, dan is daar tog altyd iets wat daardie invloed op die spreker uitoefen, nl. jou onwetendheid. Ons kan net so goed sê: „Jou onwetendheid verwonder my". Hierdie ww. is dus maar *skynbaar onpersoonlik*. Daarteenoor noem ons die eerste soort *eg onpersoonlik*. (Kyk § 111.)

§ **16.** Daar is ook nog woorde, wat onder die name van *koppelwoorde* en *hulpwerkwoorde* by die werkwoorde gereken word, en waarteenoor die hierbo genoemde soorte algar *hoofwerkwoorde* of ook *selfstandige ww.* genoem word. Die koppelwoorde sal in Hoofst. II, en die hulpww. in Hoofst. III ter sprake kom.

## III. Voornaamwoorde.

§ **17.** In plaas van: *Hier is 'n brief van Jan. Jan skryf dat Jan môre kom kuier*, sê ons gewoonlik: *Hier is 'n brief van Jan. Hy skryf dat hy môre kom kuier.* Die twede en derde keer sê ons dus nie weer „Jan" nie, maar ons gebruik *hy* in die plek daarvan. Die woordjie *hy* verteenwoordig nou die snw. *Jan*. Soos ons sien, noem die woordjie *hy* nie die persoon nie, maar dui hom alleen aan. Ons noem dit 'n *voornaamwoord*, nl. 'n woord wat in die plek van 'n naamwoord staan. Ons kan dus sê:

**'n Voornaamwoord is 'n woord wat gebruik word in die plek van 'n selfst. naamwoord.**

Daar is verskillende soorte vnw., nl. *persoonlike*, *besitlike*, *vraende*, *aanwysende*, *bepalingaankondigende*, *betreklike*, en *onbepaalde* vnw.

### *a.* Persoonlike vnw.

§ **18.** In grammatika noem ons nie alleen mense nie, maar ook diere en dinge: *persone*. Die spreker is altyd die *eerste persoon*, omdat die gedagtes wat hy uitdruk, by hom begin; die persoon met wie hy praat, is die *twede persoon*, omdat die ding wat die eerste persoon sê, na hom toe gaan; en enige ander persoon behalwe hierdie twee noem ons die *derde persoon*.

Om homself aan te dui gebruik die spreker die vnw. *ek*. Vir die twede persoon gebruik ons *jy* of *U*; *jy* is die gemeensame woord, wat ons gebruik in die gesprek met ons vriende, broers en susters, ons mindere, ens.; *U* gebruik ons in die gesprek met ons meerdere en met vreemdes. In plaas van *U* word ook dikwels glad geen vnw. gebruik nie, maar die naam van die toegesproke persoon self, b.v.: „*Pa, Ma vra of Pa wil kom eet*". „*Môre, Meneer, ek is bly om Meneer weer te ontmoet*". Hierdie manier van praat gee 'n indruk van onderdanigheid, en word daarom baie gehoor uit die mond van kinders teenoor hulle ouers en ander familielede wat hoër in rang is as hulleself, en van bediendes teenoor hulle meerdere; maar die gedurige herhaling van die naam kan soms aan die gesprek 'n skyn van onbeholpenheid gee. Vir die derde persoon gebruik ons *hy*, *sy* of *dit*.

In die meervoud gebruik ons: 1e pers. *ons*; 2de pers. *julle* of *U*; 3e pers. *hulle*.

§ **19.** By wederkerende ww. gebruik ons die voorwerpsvorme van die pers. vnw. (Kyk § 145), en as dit met nadruk gesê word, versterk ons daardie vorme deur agtervoeging van *self*: *myself*, *jouself*, *Uself*, *homself*, ens. Hierdie woorde word dan *wederkerende* vnw. genoem. In 'n paar besonder uitdrukkings gebruik ons in die 3e persoon ook soms *sigself*; b.v.: *Op sigself geneem is die ding nie sleg nie.*

Nog 'n ander vnw. het 'n aparte naam. As Jan vir

Piet prys, en Piet prys vir Jan, dan sê ons: *Jan en Piet prys mekaar*. Hierdie vnw. word die *wederkerige* vnw. genoem.

In sinne soos: *dit reën, dit hael*, ens. staan die woordjie *dit* nie in die plek van 'n bepaalde snw. nie, maar ons reken dit in dié geval tog by die voornaamwoorde. Omdat dit egter nie 'n persoon aandui nie, noem ons dit 'n *onpersoonlike* vnw.

### *b.* Besitlike vnw.

§ **20.** 'n Besitlike vnw. gee te kenne, dat iets die besitting is van die persoon, vir wie se naam dit gebruik word. As ek vra: *Wie se hoed is dit?* en Jan antwoord: *Dis myne*, dan bedoel hierdie woordjie, dat die hoed 'n besitting van Jan is. Jan kan ook die woord *hoed* daarby sê: *Dit is my hoed*. In dié geval sê ons dat die woord my, *byvoeglik* gebruik is. (Kyk § 29.) Daarteenoor is die woord *myne* in die sin: Dis *myne*, selfstandig gebruik. 'n Besitlike vnw. kan dus op twee maniere gebruik word: *selfstandig* en *byvoeglik*.

§ **21.** By elke persoonlike vnw. behoort 'n besitlike vnw. Hier volg hulle:

| **Pers. vnw.** | **Bvgl. bes. vnw.** | **Selfst. bes. vnw.** |
|---|---|---|
| *ek* | *my* | *myne*, |
| *jy* | *jou* | *joue* of *joune*, |
| *U* | *U* | *U s'n*, |
| *hy* | *sy* | *syne*, |
| *sy* | *haar* | *hare*, |
| *dit* of *hy* | *sy* | *syne*, |
| *ons* | *ons* | *ons s'n*, |
| *julle* | *julle* | *julle s'n*, |
| *hulle* | *hulle* | *hulle s'n*. |

OPMERKING. Die woordjie *s'n* is 'n verkorting van *syne, syn* of *sinne*. Dit kan ook gebruik word na 'n snw., b.v.: *Dit is Pa s'n*, en is dan die selfstandige gebruik van die besitvorm (2de naamval) van die snw. (Kyk §§ 142, 143.) Na 'n vroulike snw. kan ons dan in die enkelvoud *hare* sê in plaas van *s'n*: *Dit is Ma s'n* of *Ma hare*; *dit is ousus sinne* of *ousus hare*. Dié vorm word darem selde gebruik.

### *c.* Vraende vnw.

§ **22.** As ons iemand se naam wil weet, gebruik ons 'n vraende vnw.; ook as ons die naam van 'n ding wil weet, en as ons uit 'n klompie persone of dinge die een wil weet, wat deur 'n spreker bedoel word. Daar is drie vraende vnw.: *wie, wat,* en *watter een. Wie* vra na persone, *wat* na dinge, en *watter een* na altwee; b.v.: *Wie klop daar? Wat val daar? Watter een van die seuns wil jy saamneem? Gee my een van daardie boeke. Watter een?*

OPMERKING. *Watter* in uitdrukkings soos *watter mense,* en *wat se, wat vir, wat vir 'n* in *wat se onsin, wat vir maniere, wat vir 'n manier,* is natuurlik geen voornaamwoorde nie, want hulle staan nie in die plek van 'n snw. nie. (Kyk § 34.) Dit is ook die geval met *watter* in *watter een,* as dit apart geneem word; maar die hele uitdrukking *watter een* behoort as een woord beskou te word, en dan is dit 'n *vnw.*

### *d.* Aanwysende vnw.

§ **23.** Aanwysende vnw. gee te kenne of die persoon of ding wat daarmee bedoel word, naby of ver is. Hulle is:
naby: *dit, die, hierdie; die een.*
ver: *daardie;*
b.v. *Wat is dit? Bedoel jy hierdie? Nee, ek meen daardie. Ek sal die een hou.*

OPMERKING I. In: *hierdie potlood, daardie man,* is *hierdie* en *daardie* geen vnw. nie, omdat hulle nie 'n snw. verteenwoordig nie. (Kyk § 35.)

OPMERKING II. In teenoorstelling met *dit* word soms *dat* gebruik b.v.: *Die man keur altyd alles af; dan is dit verkeerd, en dan is dat weer nie goed nie.*

### *e.* Bepalingaankondigende vnw.

§ **24.** Hierdie vnw. dui nie, soos die ander, 'n persoon of ding regstreeks aan nie, maar laat ons hoor, dat daar nog 'n nader beskrywing van die bedoelde persoon of ding sal kom, sonder om hom egter te noem.

As ek sê: *Ek versoek die een om op te staan,* dan is dit nie volledig nie: elkeen wat dit hoor, verwag dat ek die persoon wat ek bedoel, nader sal beskryf, deur iets besonders van hom te sê; b.v.: *Ek versoek die een wat my iets wil vra,* of *die een wat iets van die saak afweet,* ens. So is *die een* 'n *bepalingaankondigende* vnw. wanneer dit nl. gebruik word sonder dat dit terugslaan

op 'n snw. wat van tevore genoem is. In plaas van *die een* kan ons ook sê *die*; b.v.: *Die wat dit weet, moet dit maar sê.*

### *f.* **Betreklike vnw.**

(N.B. Dis goed om hierdie § na Hfst. II te neem).

§ **25.** 'n Betreklike vnw. word so genoem, omdat dit twee sinne, nl. 'n byvoeglike bysin en sy hoofsin met mekaar in betrekking bring deur hulle aan mekaar te verbind. (Kyk § 84.) B.v.:

*Hier woon die wamaker.*
*Hy het ons kar gemaak.*

In die twede van hierdie sinne staan die vnw. *hy* in plaas van die snw. *wamaker* van die eerste sin. Maar elke sin staan apart en op homself. Wil ons nou die twee sinne met mekaar in betrekking bring, dan gebruik ons in plaas van *hy* die vnw. *wat*, en maak van die twede sin 'n byvoeglike bysin by die snw. *wamaker*, waarby dan natuurlik ook die woordskikking verander word (Kyk § 94), en so word dit nou:

*Hier woon die wamaker, wat ons kar gemaak het.*

Die vnw. *wat*, waarmee die twee sinne nou aan mekaar gelas is, is 'n *betreklike* vnw. Ons kan dus sê:

**'n Betreklike vnw. is 'n vnw. wat 'n byvoeglike bysin met die hoofsin verbind.**

Ons sien hieruit al dadelik, dat so 'n betr. vnw. twee dienste tegelyk verrig: dit staan in die plek van 'n snw., daarom is dit 'n voornaamwoord; en dit verbind sinne, sodat dit dieselfde werk doen as 'n voegwoord. (Kyk § 45.) Om dié rede word 'n betr. vnw. ook partykeer 'n *voegwoordelike vnw.* genoem.

§ **26.** Na 'n bep.aank. vnw. volg altyd 'n betr. vnw.; maar partykeer word die twee tot een woord verenig. B.v. in plaas van: *D i e w a t sy land verraai, word deur alle goeie mense verag,*
kan ons sê: *W i e sy land verraai*, ens.

Die woord *wie* doen hier dus 'n dubbele diens, nl. van bep.aank. en van betr. vnw. Ons noem dit in hierdie geval *bepalingaankondigend-betreklik.*

§ **27.** Die snw. of bep.aank. vnw. in die hoofsin, waarvoor in die bysin 'n betr. vnw. in die plek staan,

noem ons die *antesedent* van die betr. vnw. Antesedent beteken *voorganger*.

OPMERKING. Ons sou eintlik ook by party ander vnw. kon praat van 'n antesedent, want b.v. 'n pers. vnw. van die 3e persoon kan nie gebruik word as ons nie van tevore die snw. waarvoor dit in die plek staan, genoem het nie; en dis ook die geval met bes. en party aanw. vnw. Maar ons is nou eenmaal gewoon om net alleen by die betr. vnw. van 'n antesedent te praat. By die bep. aank.-betr. vnw. van die vorige § het die antesedent en die betr. vnw. samegesmelt.

### *g.* **Onbepaalde vnw.**

§ **28.** Die onbepaalde vnw. dui, soos die naam reeds te kenne gee, 'n persoon of ding nie presies aan nie, maar slegs op 'n onbepaalde manier. Die vernaamste onbep. vnw. is: *iemand*, *niemand*, *'n mens* (of *mens*), *iets*, *niks*, *enigeen*, *geeneen*, *iedereen*, *elkeen*, *algar*, *almal*, *party*, *alles*, *een*, *wat*, *hulle*.

In plaas van *'n mens* of *mens* word baiekeer *jy* gebruik, veral as die ding wat gesê word, betrekking het op die spreker of die toegesproke persoon, b.v.:

*'n Mens kan h o m soms lelik vergis.*

Hier dink die spreker aan iemand anders. Maar:

*'n Mens kan j o u soms lelik vergis.*

Hier dink die spreker aan die toegesproke persoon, of ook aan homself.

## IV. BYVOEGLIKE WOORDE.

§ **29.** Dit gebeur baiemaal dat ons by 'n snw. nog een of meer woorde byvoeg, om daardeur die persoon of ding wat ons noem, noukeuriger te beskryf. As ons van 'n hond praat, kan ons hom b.v. noem: 'n *groot* hond; 'n hond *met regop ore*, ens. Alles wat op dié manier by 'n snw. gevoeg word, noem ons *byvoeglik*. Dit is nie eers nodig dat so 'n woord direk by die snw. gevoeg is nie, want al staan dit ook ver daarvandaan, solank as dit in ons gedagte daarby gevoeg word, is dit darem nog byvoeglik. So kan ek b.v. sê: *Die hond wat my buurman verlede jaar gekoop het, toe hy nog maar pas gebore was, is nou al baie groot.* Hier staan die woord *groot* 'n hele ent weg van die snw. *hond*, maar in ons gedagte behoort

dit tog daarby, en daarom is dit nou nog net so goed 'n byvoeglike woord as wanneer ek sê: *'n groot hond.*

Daar is baie soorte van bvgl. woorde. Die vernaamste daarvan is: *Lidwoorde, bvgl. w. van hoedanigheid* (*ook bvgl. naamwoorde* genoem), *bvgl. w. van hoeveelheid* (ook *telwoorde* genoem), *besitlike, aanwysende,* en *vraende* bvgl. woorde.

### *a.* Lidwoorde.

§ **30.** Hulle word so genoem, omdat hulle so gereeld by die snw. gebruik word, dat dit amper lyk asof hulle 'n lid daarvan uitmaak, net soos 'n arm of been 'n lid van ons liggaam is. Daar is net twee, nl. *die* en *'n.* Die eerste noem ons die *bepaalde* lidw., die ander die *onbepaalde.* Hierdie onderskeiding word duidelik as ons die volgende twee sinne vergelyk:

*Hier is die koerant,* en: *Hier is 'n koerant.*

In die eerste sin weet ons somar watter koerant dit is; in die twede is dit heeltemal onbepaald.

Die woordjie *geen* of *g'n* word gebruik as die ontkenning van die lidw. *'n*; b.v.: *Dit is geen* (of *g'n*) *appel nie, maar 'n peer.* Dit beteken dieselfde as: *Dit is nie 'n appel nie, maar 'n peer.* In so 'n geval is *geen* (of *g'n*) dus 'n *ontkennende lidw.*

Opmerking. In ou taalboeke word die lidwoorde 'n aparte woordsoort genoem, maar dis duidelik dat die Engelse „grammars" reg is, as hulle dit onder die byvoeglike woorde reken.

### *b.* Byvgl. woorde van hoedanigheid, of Byvoeglike naamwoorde.

§ **31.** Vroeër is hulle ook as 'n afsonderlike klas woorde beskou. Van al die soorte byvgl. woorde kom hulle die meeste voor. Meesal noem hulle 'n hoedanigheid van 'n persoon of ding; of as dit nie bepaald 'n hoedanigheid is nie, dan tog een of ander kenmerk, waardeur so'n persoon of ding hom van ander onderskei. B.v. in: *'n lang geskiedenis* noem *lang* 'n hoedanigheid van die geskiedenis; in: *die vaderlandse geskiedenis* noem *vaderlandse* nie 'n hoedanigheid nie, maar tog 'n kenmerk waardeur hierdie geskiedenis van ander geskiedenisse onderskei kan word.

### *c.* Byvgl. woorde van hoeveelheid of Telwoorde.

**§ 32.** Die Telwoorde word nes die lidwoorde in ou taalboeke as 'n afsonderlike klas behandel. Hulle sê hoeveel dinge daar is, of die hoeveelste van 'n aantal 'n sekere ding is. Daarom word hulle onderskei in *hooftelwoorde* en *ranggetalle*. Elkeen van hierdie twee het weer twee aparte soorte, nl.: *bepaalde* en *onbepaalde*. Dus is daar altesame vier soorte:

*bepaalde hooftelw.*: een, twee, drie, ens.
*bepaalde rangget.*: eerste, twede, derde, ens.
*onbepaalde hooftelw.*: baie, min, alle, enkele, ens.
*onbepaalde rangget.*: die hoeveelste, soveelste, laaste, ens.

### *d.* Besitlike byvgl. woorde.

**§ 33.** Hierdie woorde het ons reeds genoem by die besitlike vnw. Daar het ons gesien dat hierdie soort vnw. met of sonder 'n snw. gebruik kan word. As die woorde *my*, *jou*, ens. by 'n snw. gevoeg is, is hulle natuurlik byvoeglike woorde, maar hulle is tegelykertyd ook voornaamwoorde. Hulle doen dus 'n dubbele diens: hulle is plaasvervangers van 'n snw. en hulle word ook byvoeglik by 'n ander snw. gebruik.

### *e.* Vraende byvgl. woorde.

**§ 34.** Die vraende byvgl. woorde word in party taalboeke vraende *voornaam*woorde genoem; dis nie reg nie, want hulle staan nie in die plaas van 'n snw. nie, maar word by 'n snw. gevoeg om te vra watter persoon of ding uit 'n klomp bedoel word, of om na 'n besonderheid van so 'n persoon of ding te verneem. Daar is net twee, nl. *watter* en *wat vir 'n*; b.v.: *Watter perd gaan jy ry? Wat vir 'n wonderlike ding kom daar aan?*

OPMERKING. In plaas van *watter* sê party mense *waffer*; dit het ontstaan uit *wat vir*, en word dikwels in die spreektaal, maar minder in die skryftaal gebruik. *Welke* word ook nou en dan gebruik; in die skryftaal is dit nie aan te beveel nie. In plaas van *watter* hoor 'n mens partykeer *wat se*, b.v.: *Wat se mense is dit?*

### *f.* Aanwysende byvgl. woorde.

§ **35.** Ook die aanwysende byvgl. woorde word in party boeke aanw. *voornaam*woorde genoem, wat om dieselfde rede as by die vraende byvgl. woorde as onjuis beskou moet word. Hulle is byvoeglik, omdat hulle by 'n snw. gevoeg word, waar hulle dan aantoon of die persoon of ding naby of ver is; maar hulle staan nie in die plek van 'n snw. nie. Daar is twee: *hierdie* en *daardie*; b.v.: *hierdie huis*; *daardie tuin.* As 'n skrywer in dieselfde stuk een van die woorde hierdie of daardie herhaaldelik moet gebruik, sit hy in die plek daarvan partykeer *dié*, wat dan met 'n sekere klemtoon gesê moet word.

OPMERKING OOR DIE BYVGL. WOORDE. Daar die ouer taalboeke die *lidwoorde* en *telwoorde* nie as byvgl. woorde behandel nie, maar as aparte rededele, sê hulle dat daar tien rededele is in plaas van ag. As ons die getal ag hou, dan moet ons die algemene naam „byvoeglike woorde" gebruik vir die hele groep, en bvgl. *naam*woorde of bvgl. woorde *van hoedanigheid* vir die een soort wat in die ou boeke as 'n aparte klas beskou word.

## V. BYWOORDE.

§ **36.** 'n Woord wat by 'n werkwoord gebruik word om nader besonderhede daarvan aan te gee, word 'n *bywoord* genoem; b.v. *skryf* is 'n ww.; as ek sê: *Die seun skryf mooi*, dan is *mooi* 'n bywoord. Maar die bywoorde doen meer as dit: hulle gee ook meer besonderhede van 'n byvgl. woord; b.v. in die sin: *Daardie mense is arm*, is *arm* 'n byvgl. woord; as ek nou sê: *Die mense is baie arm*, dan is *baie* 'n nader omskrywing van *arm*, en word ook 'n bywoord genoem. Bowendien kan 'n bywoord ook gevoeg word by 'n ander bywoord. In die eerste voorbeeld hierbo is *mooi* 'n bw., maar as ek hierby nog 'n nader omskrywing voeg, b.v. *besonder mooi*, dan is hierdie woord *besonder* ook weer 'n bywoord. Ons kan dus sê:

**Bywoorde word tot nader bepaling by werkwoorde, byvoegl. woorde of ander bywoorde gevoeg.**

Daar is verskillende soorte bywoorde. Die vernaamste is die volgende: bw. van *manier* (ook bw. van *hoedanigheid* genoem), van *tyd*, van *plaas*, van *graad*, van *omstandigheid*; *modale* bywoorde of bw. van *modaliteit* (d.i. *voorstellingswys*), *voornaamwoordelike* bw.

### *a.* **Bw. van manier** (of **hoedanigheid**).

§ **37.** Hierdie bw. sê *hoe* of *op watter manier* 'n handeling plaasvind; b.v.: *Ek vertrou vas op hom. Hy het ywerig gewerk.* Dit is die grootste afdeling van die bw. Die meeste van hierdie soort is eintlik bnw. wat soos bywoorde gebruik word. Om te sien of hulle bywoorde is, moet ons oplet by watter soort woord hulle gebruik word. B.v.:

*Dit is 'n mooi tuin. Mooi* is hier gevoeg by die snw. *tuin*, en is dus 'n *byvgl. woord.*

*Daardie meisie sing mooi.* Hier word *mooi* by die ww. *sing* gebruik, en is dus nou 'n *bywoord.*

Vroeër het hulle, om 'n byvgl. woord in 'n bw. te verander, die agtervoegsel *-lik* agteraan die woord aangelas; b.v.: *Die Here het ons gebed genadiglik verhoor.* Maar vandag word die woorde nie meer gebruik nie, behalwe so af en toe in verhewe styl. In Engels word dit nog gereeld gebruik in die vorm *-ly.*

### *b.* **Bw. van tyd.**

§ **38.** Hierdie bw. gee die tyd aan *wanneer* iets gebeur, of ook *hoe lank* iets aanhou. Ook reken ons hierby party woorde wat nou nie juis tyd aandui nie, maar wat te kenne gee dat die handeling *meer as een keer* plaasvind.

Vir tyd *wanneer* het ons: *nou, dan, toe, môre, gister, reeds, netnou,* ens.

Vir tyd *hoelank*: *lank, kort, voortdurend, gedurig,* ens.

Vir *herhaling*: *baie, dikwels, herhaaldelik, eenmaal, tweemaal, partykeer,* ens.

### *c.* **Bw. van plaas.**

§ **39.** Hulle wys aan:

(1) waar: *hier, daar, êrens, nêrens, binne,* ens.
(2) waarnatoe: *daarheen, soontoe, hiernatoe, huiswaarts,* ens.
(3) waarvandaan: *hiervandaan, weg, daarvandaan,* ens.

### *d.* **Bw. van graad.**

§ **40.** Bw. van graad behoort by 'n ww., om te sê *in watter mate* iets gedoen word; of by 'n bnw. of 'n bw.

van manier, om die *graad* of *sterkte* van 'n hoedanigheid uit te druk.

Voorbeelde van die eerste soort:

*Ek reis baie. Hy slaap min. Ek het groot geskrik. Ons was amper verongeluk.*

Voorbeelde van die ander soort:

*Baie gelukkig*; *verskriklik benoud*; *taamlik ryk*; *uiters moeilik.*

Ook word hierby gereken die bw. wat sê *hoeveelmaal*, wat ook *herhalingsgetalle* genoem word en soms ook by 'n ww. diens doen as bw. van tyd; b.v. *honderdmaal meer*; *dubbel gelukkig.*

### *e.* **Bw. van omstandigheid.**

§ **41.** Bw. van omstandigheid noem 'n besonderheid wat nie eintlik die handeling wat deur die ww. uitgedruk word, nader bepaal nie, maar wat los van die handeling tegelykertyd opgemerk word. As ek sê dat iemand *mooi* sing of dat hy *lelik* sing, dan maak dit 'n groot verskil in die begrip: „sing"; maar as ek sê dat hy *alleen* sing, sê die woord *alleen* niks omtrent die sing nie, maar vermeld *die omstandigheid* dat niemand anders saamsing nie. So ook maak dit verskil in die loop, of iemand *vinnig* of *stadig* loop; maar as hy *verniet* loop, verander dit niks aan die loop nie, maar vertel iets wat ons daarby kan opmerk, nl. dat dit geen resultate oplewer nie.

Ander bw. van omst. is: *nouliks*, *vergeefs*, *gesamentlik*, *tesame.*

Meesal egter word so 'n bykomstige omstandigheid vermeld deur 'n bwl. uitdrukking (Kyk § 78) of 'n bwl. bysin (Kyk § 85).

### *f.* **Modale bw. (of bw. van voorstellingswys).**

§ **42.** Onder *wys* of *modaliteit* verstaan ons die manier, waarop ons wil hê dat die hoorder die ding wat ons sê, moet opvat, nl. dat hy dit moet opvat as *waar* of *nie waar nie*, *seker* of *onseker*, *waarskynlik* of *onwaarskynlik*, *moontlik* of *onmoontlik*, ens. Modaliteit is dus die graad

van waarheid van wat ons sê. In Hfst. III sal ons verder daaroor praat, maar nou bepaal ons onsself tot sekere bywoorde wat hiervoor gebruik word. Daar is 'n hele paar soorte, b.v.:

bevestigend: *seker*, *waarlik*, *ja*, *stellig*, *ongetwyfeld*, *wel*, ens.
ontkennend: *nee*, *nie*, *gladnie*, *nooit*, ens. Die meeste hiervan word gewoonlik verdubbel deur toevoeging van *nie* (Kyk § 96).
onseker: *miskien*, *dalk*, *moontlik*, *vermoedelik*, *waarskynlik*, *altemit*, ens.
wensend: Kom *dan*! Kom *tog*! Kom *dan tog*!

### *g.* Voornaamwoordelike bw.

(N.B. Dis goed om hierdie § na Hfst. II te neem.)

§ **43.** In plaas van 'n hamer te wys en te sê: *Met dit het ek die spykers ingeslaan*, behoort ons te sê: *Hiermee het ek* ens.

In plaas van *met daardie* sê ons: *daarmee*.

In plaas van: *Die stoel op wat ek sit*, of: *Die stoel wat ek op sit*, sê ons: *die stoel waarop ek sit*; ens.

Die woord *hiermee* beteken: *met dit*, of *met hierdie*; *daarmee* beteken: *met daardie*; *waarmee* beteken: *met wat*; ens.

Die uitdrukking: *met hierdie* bestaan uit 'n voorsetsel (Kyk § 44), nl. *met*, en 'n vnw. *hierdie*. In plaas hiervan sê ons: *hiermee*; dit bestaan uit die bw. *hier* en die bw. *mee*, dus twee bywoorde waarvan een woord gemaak is. Party noem dit 'n samegestelde bywoord; maar *voornaamwoordelike bywoord* is 'n beter naam, want die vernaamste stuk van die woord is *hier*, en *dit staan in die plek van die vnw. dit* of *hierdie*.

In die woord *waarmee* staan die bw. *waar* in die plek van die vnw. *wat*, en die bw. *mee* in die plek van die vs. *met*.

Vnw.like bw. word net gebruik vir dinge, nie vir persone nie. Ons kan nie sê: „*Die man waarmee ek gereis het* nie; hier moet ons sê: „*Die man met wie ek*" ens. Hulle word meesal gebruik as betreklike vnw., maar soms ook as persoonlike, aanwysende of vraende vnw.

OPMERKING I. *Hiermee, daarmee, waarmee; hiertoe, daartoe, waartoe* (b.v. *Die arbeid waartoe ons geroepe word*); en *hiervoor*,

*daarvoor, waarvoor* (in pl. v. *vir hierdie, vir daardie, vir wat*) is die enigste vnwl. bw. waaraan duidelik te sien is dat die twede deel van die woord ook 'n bw. is, en nie 'n vs. nie, omdat die voorsetsels *met, tot* en *vir* die enigste is wat as bw. 'n ander vorm het, nl. *mee, toe* en *voor*. Die orige voorsetsels: *op, in, uit,* ens. bly onveranderd wanneer hulle as bw. gebruik word. Die vs. *sonder* het nie 'n ooreenkomstige bw. nie; tog sê ons: *daarsonder* en *waarsonder*.

OPMERKING II. Die twee stukke van 'n vnwl. bw. word dikwels in die gebruik van mekaar geskei, b.v. in plaas van: *Die hamer waarmee ek getimmer het,* kan ons sê: *Die hamer waar ek mee getimmer het.*

## VI. VOORSETSELS.

(N.B. Dis goed om hierdie § na Hfst. II te neem.)

§ **44.** In § 65 sal ons kennis maak met *oorsaaklike voorwerpe* (of *voorsetselvoorwerpe*); in § 70 en § 73 met *byvgl. uitdrukkings,* en in § 78 met *bwl. uitdrukkings.* Hierdie sindele bestaan amper altyd uit 'n snw. (of vnw.), en voor die snw. staan gewoonlik 'n klein woordjie, wat om dié rede „*voorsetsel*", d.i. 'n *vooraangesitte* woordjie genoem word. Hierdie woordjie bring die snw. wat daaragter staan in betrekking tot 'n ander woord in die sin. Ons kan daarom sê:

**Voorsetsels is woordjies wat 'n daarop volgende snw.** (of **vnw.**) **in betrekking bring tot 'n ander woord in die sin**; hulle is die inleidende woorde van uitdrukkings wat afsonderlike dele van die sin uitmaak, soos uit die volgende voorbeelde blyk.

Die ander woord kan wees:

*a.* 'n snw., b.v.: 'n *tak.. van* 'n *boom*;
*b.* 'n ww., b.v.: *skryf.... met* 'n *potlood*;
*c.* 'n bnw., b.v.: *trots.... op* sy *geld.*

## VII. VOEGWOORDE.

(N.B. Dis goed om hierdie §§ na Hfst. II te neem.)

§ **45. Voegwoorde word gebruik om die sinne waaruit 'n samegestelde sin** (Kyk § 80) **bestaan, aan mekaar te voeg.**

Daar is twee soorte samegestelde sinne, nl. *neweskikkende* en *onderskikkende*; daarom is daar ook twee soorte voegwoorde: *neweskikkende* en *onderskikkende.*

§ **46.** Net soos daar drie soorte neweskikkende sinne is (Kyk § 81), net so is daar ook drie soorte neweskikkende vgw., nl.:

1. aaneenskakelend newesk. vgw.: *en, ook, nog, bowendien, sowel .... as, nie alleen nie .... maar ook*, ens.
2. teenstellend newesk. vgw.: *maar, dog, egter, nogtans, inteendeel, of, òf .... òf, tog*, ens.
3. redegewend of oorsaaklik newesk. vgw.:
   *a.* as die rede of oorsaak agteraan kom: *want, immers, mos*;
   *b.* as die rede of oorsaak in die begin aangegee word: *dus, derhalwe, daarom, bygevolg*, ens. Hierdie vgw. word ook soms *besluitende* vgw. genoem.

§ **47.** Party van die neweskikkende vgw. is nie alleen voegwoorde nie, maar ook tegelykertyd bywoorde, en word daarom soms ook *bywoordelike voegwoorde* genoem. As vgw. verbind hulle twee sinne, en as bw. vorm hulle 'n bepaling by die gesegde. B.v.: *ook* verbind sinne, en is dus 'n vgw.; maar dit vorm ook 'n bepaling by die gesegde, om te sê dat die ding wat nou kom, ook nog by die eerste ding gevoeg word. So ook die woord *egter*; dit verbind twee sinne, maar in die twede sin gee dit te kenne, dat die ding wat nou kom, waar is nieteenstaande wat in die eerste sin gesê is nie.

Die mees voorkomende bwl. vgw. is:

*a.* aaneensk.: *nog, daarna, ook, bowendien, ten eerste, ten twede*, ens., *ten laaste, daarby.*

*b.* teenst.: *egter, ewenwel, tog, nogtans, inteendeel, daarenteë, desnietemin.*

*c.* redegew.: *dus, derhalwe, immers, daarom, gevolglik, dientengevolge.*

Opmerking. Bwl. voegwoorde word soms ook *voegwoordelike bywoorde* genoem. As bywoorde vorm hulle 'n onderdeel van die gesegde van die sin; om dié rede word die onderwerp en die werkwoord elke keer omgespan as 'n sin met 'n vgwl. bw. begin (Kyk § 99).

§ **48.** Die *onderskikkende vgw.* verbind bwl. bysinne (Kyk § 85) aan die hoofsin. Daar is 'n hele paar soorte; die vernaamste is:

1. van plaas: *waar, waarheen, vanwaar, waar .... vandaan, waar .... natoe,* ens.
2. van tyd: *as, wanneer, toe, terwyl, voordat, nadat, totdat, sodra as, solank as,* ens.
3. van rede of oorsaak: *omdat, daar, terwyl, aangesien, deurdat,* ens.
4. van doel: *sodat, dat, om* (laasgenoemde in beknopte sinne, kyk § 88).
5. van gevolg: *sodat, waardeur,* ens.
6. van omstandigheid: *terwyl, sonder dat, in plaas dat.*
7. van voorwaarde: *mits, tensy, as, wanneer, ingeval,* ens.
8. van toegewing: *ofskoon, alhoewel, hoewel, nieteenstaande, al* (As die bysin eers kom, begin die hoofsin met die vgw. *tog*).
9. van vergelyking: *so .... soos, asof, nes of, soos.*
10. van verhouding: *hoe .... hoe, hoe .... des te, namate (dat), na gelang (dat).*

Opmerking. Daar is by die vgw. party wat uit twee woorde bestaan, waarvan die een in een sin en die ander in die ander sin voorkom; soos b.v. *òf .... òf, nie alleen nie .... maar ook,* ens. Sulke vgw. wat in pare gaan, dra die naam van *korrelatiewe* (d.i. met mekaar in betrekking staande) voegwoorde.

## VIII. Tussenwerpsels.

§ **49. Tussenwerpsels het die naam, omdat hulle as-'t-ware los tussen iemand se woorde ingegooi word, sonder om 'n deel van die sin uit te maak.** Daar is twee soorte: *gevoelsuitinge* en *klanknabootsinge.* Gevoelsuitinge is uitroepe wat ons somar vanself sê tot uitdrukking van blydskap, droefheid, vrees, skrik, goedkeuring, afkeuring, vermaning, aanmoediging, ens.; b.v.: *O! hoera! hoerê! og! ag! helaas! eina! foei! foeitog! sies! toemaar! alla wêreld! op die aarde! Vloekwoorde* val ook onder hierdie klas.

Voorbeelde van klanknabootsinge: *piep, woef, pof, plof, ploems, bom, pardoems! krak, krikkrak.*

## TABELLARIESE OORSIG VAN DIE REDEDELE.

§ **50.** A. **Rededele.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *a.* Hoofsoorte: | **Snw.** | **(Vnw.)** | **Ww.** |
| *b.* Ondergeskikte w.: | Bnw. ← | ——— | Bw. |
| *c.* Verbindingsw.: | *Vs.* | | *Vgw.* |
| *d.* Los w.: | Tussenw. | | |

(Die pyltjies wys aan hoe die rededele met mekaar in verbinding staan.)

B. **Soorte Snw.**

SNW.
- **konkr.**
  - gemeen
  - eie
    - *persoonsn.*
    - *voorw.n.*
    - *versameln.*
    - *stofn.*
- **abstr.**
  - *hoedanigheid.*
  - *werkinge*
  - *toestande*

C. **Soorte Ww.**

WW.
- **Hoofww.**
- **Hulpww.**
- **Koppelww.**
  - oorgankl.
    - (aparte soort): wederk.
      - *noodsaakl.*
      - *toevallig*
  - onoorgankl.
    - (aparte soort): onpers.
      - *eg*
      - *skynbaar*

D. **Soorte Vnw.**

VNW.
- **persoonl.**
- **besitl.**
  - selfst.
  - bvgl.
- **vraende**
- **aanw.**
- **bep.aank.**
- **betr.**
- **onbep.**

E. **Soorte Bvgl. w.**

BVGL. W.
- **Lidw.**
  - bep.
  - onbep.
- **v. hoedan.** (= **bnw.**)
- **v. hoeveelh.** (= **telw.**)
- **v. besit**
- **aanw.**
- **vraende**

F. **Soorte Bw.**

BW.
- v. **manier**
- v. **tyd**
- v. **plaas**
- v. **graad**
- v. **omstand.**
- v. **modaliteit**
  - bevest.
  - ontk.
  - onseker
  - wensend
- **vnwl.**

G. **Soorte Vgw.**

VGW.
- **newesk.**
  - aaneensk.
  - teenstell.
  - redegew.
    - *rede vooraan* (besluit. vgw)
    - *rede agteraan*
- **ondersk.**
  - v. plaas
  - ,, tyd
  - ,, rede of oors.
  - ,, doel
  - ,, gevolg
  - ,, omstand.
  - ,, voorw.
  - ,, toegew.
  - ,, vergelyk.
  - ,, verhoud.

H. **Soorte Tussenw.**

TUSSENW.
- **gevoelsuitinge**
- **klanknabootsinge**